

Lêerno.: 24/3/3/1
Verwysing: 20230703-6214

e-Leer-minuut: 0002/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore),
Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, VOO-
en AOO-koördineerders, Vakadviseurs, Prinsipale en Onderwysers van alle openbare skole

Onderwerp: Bekendstelling van die Direktoraat: e-Leer se professionele ontwikkelingsprogram vir onderwysers (DEL TPD)

1. Die Direktoraat: e-Leer (DEL) van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement is daartoe verbind om professionele ontwikkelingsgeleenthede in digitale onderrig en leer vir onderwysers en amptenare te bied. Die doel met hierdie geleentheid is om onderwysers te bemagtig om tegnologie te gebruik om leerders se leerervaring te verryk en om die leerdoelwitte van die kurrikulum te bereik.
2. Die kapasiteitsbouportefeulje in die Direktoraat: e-Leer by Hoofkantoor is saam met e-Leer se raadgewende spanne in die distrikte verantwoordelik vir die bestuur van die DEL TPD-program en bied verskeie mikroleersessies. Hierdie sessies is in vier ontwikkelingsvlakke gekategoriseer, naamlik *Laying the Foundation*, *I Can Do It*, *I Can Do It Better*, en *The Summit*.
3. Die DEL TPD-program volg 'n tegemoetkomende opleidingsrooster en word voortdurend bygewerk na aanleiding van die behoeftes wat in elke distrik geïdentifiseer en aangespreek word. Alle kantoor- en skoolgebaseerde personeel in die provinsie kan vir die mikroleersessies registreer en dit bywoon. Die volgende skakel kan gebruik word om enige van die komende sessies (*Upcoming Sessions*) by te woon of vooraf daarvoor te registreer: <https://bit.ly/wcedetpdupcoming>.

4. Toegang tot bykomende hulpbronne vir die DEL TPD kan verkry word via 'n bestemmingsbladsy (*landing page*), soos in Figuur 1 getoon. Gebruik asseblief die volgende skakel om toegang tot hierdie bladsy te verkry: <https://bit.ly/m/wcedtpd>.
- 4.1 Toegang tot die volgende hulpbronne kan via hierdie bestemmingsbladsy verkry word:
- 4.1.1 Registrasie vir spesiale geleenthede
 - 4.1.2 Lys van komende mikroleersessies
 - 4.1.3 Sessieregister vir mikroleersessies
 - 4.1.4 Terugvoervorm vir mikroleersessies
 - 4.1.5 Werkblad-templaats vir IKT-integrasie
 - 4.1.6 Kontakbesonderhede van distriksamptenare vir e-Leer.



Figuur 1

5. Prinsipale, onderwysers en amptenare wat verantwoordelik is vir die integrasie van tegnologie word aangemoedig om die skakel vir die komende sessies, *Upcoming Sessions*, te boekmerk en gereeld daarna te kyk vir enige veranderinge wat aangebring mag word. Daar word sterk aanbeveel dat mikroleersessies geïdentifiseer word en volle deelname van alle personeel word aangemoedig.
6. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle skoolbestuurspanne, onderwysers en onderwysamptenare. Raadpleeg asseblief **Bylae A** in hierdie verband.

GETEKEN: H MAHOMED

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2023-07-05